

LUX MUNDI

GROOT

LYDENSWEEK &

PAASFEEES



Paastyd is die groot hoogtepunt van die kerklike jaar want dan vier ons die grootste en belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld: Jesus se kruisdood en opstanding! Deur Jesus se opstanding te vier word ons weer bewus van die groot krag van God wat in ons werksaam is – dieselfde krag waarmee Jesus uit die dood opgewek is (Ef 1:19-20).



Ons beleving van Paastyd hang baie af van die wyse waarop ons ons instel, oordink wat alles gebeur het en wat dit vir ons beteken, en onself oopstel vir die werk van God se Gees en Woord. Hierdie spesiale tyd bereik 'n hoogtepunt met die Groot Lydensweek wat Sondag 14 April met Palmsondag begin en tot Saterdag 20 April voortgaan. Sondag 21 April is Paasfees – Opstandingsondag!



Elke jaar, met Paasfees, is dit 'n gulde geleentheid vir elke gelowige om weereens verras te word met die wonder van Jesus se opstanding uit die dood: die grootste wonderdaad in die geskiedenis! Saam met Mijoene gelowiges regoor die wêreld vier ons die kragtige oorwinning wat Jesus oor die dood en die magte van die bose behaal het en kan ons opgewonde vertel: "Jesus leef werklik!"



Daarom hierdie oproep: **KOM VIER PAASNAWEEK** se eredienste **SAAM MET ONS!** Word geestelik gevoed en verryk deur die herdenking van die dood en opstanding van die Jesus, ons Here en Koning!



Nooi ook jou vriende en familie na hierdie vieringsgeleenthede toe.

Verloop van die

GROOT

LYDENSWEEK &

PAASFEES

by Lux Mundi:

PALMSONDAG: SONDAG 14 APRIL 09:00 Erediens

Jesus kom Jerusalem binne en word vreugdevol besing as die Messias-Koning en 'n dramatiese week begin afspeel in Jerusalem wat die wêreldgeskiedenis onherroepelik verander!

Johannes 12:12-19 Die intog van Jesus in Jerusalem

AANDNAGMAAL:

DONDERDAG 18 APRIL 18:30

In die aand voor Jesus se kruisiging, na intense gesprekke met sy dissipels, vier Jesus die paasmaaltyd saam met sy dissipels en stel Hy die nagmaal in. Dit is 'n baie besondere en betekenisvolle geleentheid voor Hy gevange geneem, verhoor en gekruisig word. Deur hierdie dramatiese gebeure en sy sterwe aan die kruis word Jesus verheerlik en met sy sterwe aan die kruis word alles volbring! Sy dood aan die kruis is ook volgens die Johannes-evangelie sy kroning as Messias-Koning.

Johannes 19:28-37 -

Dit is volbring!

Ons sluit hierdie diens nie af nie omrede al 3 eredienste van paasaweek eintlik 1 erediens vorm en afgesluit word met die Paasfees!

Kruisiging:


VRYDAG 19 APRIL 09:00 Wydingsdiens

Aan die hand van gewyde voorlesings, teksgedeeltes, en liedere herdenk ons die verskriklike gebeure van Goeie Vrydag toe Jesus vir ons gesterf het sodat ons die lewe kan hê!

Verskeie tekste uit die Johannes-Evangelie -

**Menslike laagtepunt:
Jesus sterf!**

**Goddelike verheerliking
Jesus, die Koning se kroning!**



PAASFEES OPSTANDING - SONDAG 21 APRIL:

06:00 Vroeë Oggend Paasdiens:

saam met ander kerke.

Lux Mundi - Gemeentesentrum

09:00 Paasdiens!

Ons het die Here gesien!

Ons vier die verrassing van die opstanding en dat Jesus leef met vreugde en uitbundig! Ons loof en prys die Here met woorde, liedere en Woordverkondiging en word geïnspireer om die opstandingslewe te gaan leef!

